

Regverdigmaking deur geloof alleen



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Galasiërs 2:15–21; Efesiërs 2:12; Filippense 3:9; Romeine 3:10–20; Genesis 15:5, 6; Romeine 3:8.

Geheueteks:

“Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.” (*Galasiërs 2:20*).

Aoos ons verlede week gesien het, het Paulus openlik vir Petrus in Antiogië gekonfronteer oor sy gebrek aan volhoubaarheid tussen die geloof wat hy verkondig het en die gedrag wat hy geopenbaar het. Petrus se besluit om nie verder saam met voormalige heidene te eet nie, suggereer eintlik dat hulle niks anders as tweederangse Christene was. Sy optrede het geïmpliseer dat as hy werklik deel van die familie van God wou wees en die volle seëninge rondom die etenstafel wou geniet, moes hy homself eers onderwerp aan die ritueel van die besnydenis.

Wat het Paulus in werklikheid aan Petrus gesê tydens daardie gespanne geleentheid? In hierdie week se lesstudie gaan ons kyk na ‘n moontlike Samevatting van wat gebeur het. Hierdie gedeelte bevat van die bondigste bewoording wat ons in die Nuwe Testament vind, en dit is besonder betekenisvol, aangesien dit ons vir die eerste keer bekendstel aan die woorde en frases wat grondliggend is vir ons begrip van die res van Paulus se brief aan Galasiërs. Hierdie sleutelwoorde sluit in: regverdigmaking, geregtigheid, werke van die wet, geloof, en nie slegs geloof nie, maar selfs die geloof van Jesus. Wat bedoel Paulus met hierdie terme, en wat leer dit ons oor die verlossingsplan?

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 22 Julie.*

Die vraag oor “regverdigmaking” (*Gal. 2:15, 16*)

In Galasiërs 2:15 skryf Paulus: “Ons wat van nature Jode en nie sondaars uit die heidene is nie . . . “ Watter punt, dink jy, probeer hy hier maak?

Paulus se woorde moet in hulle konteks verstaan word. In ‘n poging om sy mede-Joodse Christene na sy standpunt oor te haal, begin Paulus met iets waarmee hulle sou saamstem – die tradisionele onderskeid tussen Jode en die heidene. Jode was die uitverkore volk van God, met Sy wet toevertrou, en hulle het die voordele van die verbondsverhouding met Hom geniet. Maar die heidene was sondaars; God se wet het nie hulle gedrag beperk nie, en hulle het buite die verbondsbeloftes geleef (*Efe. 2:12, Rom. 2:14*). Waar heidene ooglopend “sondaars” was, waarsku Paulus die Joodse Christene in vers 16 dat hulle geestelike voorregte hulle nie enigsins meer aanvaarbaar vir God maak nie, want niemand word geregverdig deur die “werke van die wet” nie.

Paulus gebruik die woord “geregverdig” vier keer in Galasiërs 2:16, 17. Wat bedoel hy met “geregverdig”? Lees saam hiermee ook Eksodus 23:7 en Deuteronomium 25:1.

Die werkwoord om te regverdig, is ‘n sleutelterm vir Paulus. Van die nege-en-dertig keer wat dit in die Nuwe Testament voorkom, is sewe-en-twintig daarvan in Paulus se briewe. Hy gebruik dit agt keer in Galasiërs, insluitend vier verwysings in *Galasiërs 2:16, 17*. Regverdigmaking is ‘n regsterm, in word in die howe gebruik. Dit handel met die uitslag (uitspraak) wat ‘n regter lewer wanneer ‘n persoon onskuldig verklaar word op die aanklagte wat teen hom of haar ingebring is. Dit is die teenoorgestelde van veroordeling. Bykomend, aangesien die woorde reg en geregtigheid (of: regverdig) van dieselfde Griekse stamwoord kom, beteken dit vir ‘n persoon om “geregverdig te word”, dat hy ook “(ge)regverdig” is. Daarom behels regverdigmaking meer as ‘n eenvoudige verskoning of vergifnis; dit is die positiewe verklaring dat ‘n persoon regverdig is.

Vir sommige van die Joodse gelowiges het regverdigmaking egter ook te make met verhoudings. Dit het gewentel rondom hulle verhouding met God en Sy verbond. Om “geregverdig” te wees, het ook beteken dat ‘n persoon geag is om ‘n getroue lid van God se verbondsgemeenskap te wees, die gesin van Abraham.

Lees Galasiërs 2:15–17. Wat sê Paulus hier vir jou, en hoe kan jy hierdie woorde van toepassing maak op jou eie Christelike ondervinding?

Werke van die wet

Paulus sê drie keer in Galasiërs 2:16 dat ‘n mens nie deur die “werke van die wet” geregverdig word nie. Wat bedoel hy met hierdie uitdrukking “werke van die wet”? Hoe help hierdie teksverse ons om sy bedoeling te verstaan (Gal. 2:16, 17; 3:2, 5, 10; Rom. 3:20, 28)?

Voordat ons die frase “werke van die wet” kan verstaan, moet ons eers hoor wat Paulus bedoel met die woord wet. Die woord wet (*nomos* in Grieks) word 121 keer in Paulus se briewe gevind. Dit kan verwys na ‘n aantal verskillende dinge, insluitend God se wil vir Sy mense, die eerste vyf boeke van Moses, die hele Ou Testament, of selfs net ‘n algemene beginsel. Maar die primêre wyse waarop Paulus dit gebruik, verwys na die algehele versameling van God se gebooe wat deur Moses aan Sy volk gegee is. Die frase “die werke van die wet” betrek waarskynlik daarom ook al die vereistes wat in die gebooe gevind word wat deur God aan Moses gegee is, hetsy moreel of seremonieel. Paulus se punt is dat ongeag hoe hard mens poog om God se wet te gehoorsaam en na te volg, sal ons gehoorsaamheid nooit voldoende vir God wees om ons te regverdig nie, of om ons regverdig voor God te verklaar nie. Dit is vanweë die feit dat Sy wet absolute getrouheid in gedagte en optrede vereis – nie bloot net somtyds nie, maar wel altyd, en nie slegs vir sommige van Sy gebooe nie, maar wel almal.

Alhoewel die frase “werke van die wet” nie in die Ou Testament voorkom nie, en op geen ander plek in die Nuwe Testament behalwe in Paulus se geskrifte nie, het verbysterende bevestiging daarvan in 1947 na vore gekom met die ontdekking van die Dooie See-rolle, ‘n versameling geskrifte wat oorgeskryf is deur ‘n groep Jode, die Esseners, wat in die tyd van Jesus geleef het. Al is dit in Hebreeus geskryf, bevat een van die rolle hierdie presiese frase. Die rol se titel is *Miqsat Ma’as Ha-Torah*, wat as dit vertaal word, beteken “Belangrike werk van die wet”. Die rol beskryf ‘n aantal kwessies gebaseer op bybelse wette aangaande die verhinderende daarvan om heilige dinge onrein te maak, insluitend verskeie ander wat Jode gekenmerk het as afsonderlik (“apart van”) van die heidene. Aan die einde skryf die outeur dat indien hierdie “werke van die wet” nagevolg word, “sal jy geregverdig gereken word” voor God. Anders as Paulus bied die skrywer nie die leser regverdigmaking deur geloof aan nie, maar op die basis van gedrag.

In jou ervaring, hoe goed onderhou jy God se wet? Ervaar jy dit werklik dat jy dit so goed onderhou dat jy geregverdig voor God kan staan op die basis van jou wetsonderhouding? (Lees Rom. 3:10–20.) Indien nie, waarom nie – en hoe help die antwoord jou om Paulus se punt hier te begryp?

Die basis van ons regverdigmaking

“En in Hom gevind te word, nie met my geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met dié wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof” (Filippense 3:9).

Ons moenie aanneem dat Joodse Christene gedink het dat geloof in Christus nie belangrik was nie; trouens, hulle het almal in Jesus geglo. Hulle het almal geloof in Hom gehad. Maar hulle gedrag het egter aangetoon dat hulle gevoel het geloof was op sigself nie voldoende nie; dit moet aangevul word met gehoorsaamheid, asof ons gehoorsaamheid iets byvoeg by die daad van regverdigmaking self. Regverdigmaking, sou hulle redeneer, was deur beide geloof en werke. Die wyse waarop Paulus herhaaldelik die geloof in Christus met die werke van die wet kontrasteer, is ‘n aanduiding van sy sterk teenkanting van hierdie soort “beide en”-benadering. Geloof, en geloof alleen, is die basis van regverdigmaking.

Vir Paulus was geloof ook nie slegs ‘n abstrakte idee nie; dit is onskeibaar met Jesus verbind. Die feit is dat die frase wat twee keer as “geloof in Christus” vertaal word in Galasiërs 2:16, verreweg die rykste is as wat enige ander vertaling dit kan omskryf. Die Griekse frase word letterlik vertaal as “die geloof” of “die getrouheid” van Jesus. Hierdie letterlike vertaling openbaar die kragtige onderskeid wat Paulus maak tussen die werke van die wet wat ons doen, en die werk van Christus wat namens ons bewerkstellig is, die werke wat Hy, deur Sy getrouheid (dus, die “getrouheid van Jesus”), vir ons gedoen het.

Dit is belangrik om te onthou dat geloof self niks bydra tot regverdigmaking nie, asof geloof in homself of deur homself iets verdienstelik is. Geloof is eerder die wyse waarop ons besit neem van Christus en Sy werke om ons onthalwe. Ons word nie geregverdig op die basis van ons geloof nie, maar op die basis van Christus se getrouheid vir ons, waarop ons deur die geloof kan aanspraak maak. Christus het gedoen wat elke individu gefaal het om te doen, en dit is: Hy alleen was in alles wat Hy gedoen het getrou aan God. Ons hoop is in Christus se getrouheid, nie ons eie nie. Dit is die groot en belangrike waarheid dat, onder andere, die Protestantse Hervorming aan die gang gekom het, ‘n waarheid wat vandag net so belangrik bly as wat dit was toe Martin Luther dit eeue terug begin preek het.

‘n Vroeë Siriese vertaling van Galasiërs 2:16 dra Paulus se bedoeling goed oor: “Terwyl ons weet dat die mens nie geregverdig word uit werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus, selfs ons het in Christus Jesus geglo, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof in Christus en nie uit die werke van die wet nie; omdat uit die werke van die wet geen vlees geregverdig sal word nie.”

Lees Romeine 3:22, 26; Galasiërs 3:22; Efesiërs 3:12; en Filippense 3:9. Hoe help hierdie teksverse ons, en dit wat ons hierbo gelees het, om te verstaan dat die ongelooflike waarheid van Christus se getrouheid vir ons, en Sy volmaakte gehoorsaamheid aan God, die enigste grondslag vir ons verlossing is?

Die gehoorsaamheid van geloof

Paulus maak dit baie duidelik dat geloof absoluut grondliggend vir die Christelike lewe is. Dit is die kanaal waardeur ons aanspraak kan maak op die beloftes wat ons in Christus het. Maar wat presies is geloof? Wat behels dit?

Wat leer elk van die volgende teksverse ons van die oorsprong van geloof? *Gen. 15:5, 6; Joh. 3:14–16; 2 Kor. 5:14, 15; Gal. 5:6.*

Opregte bybelse geloof is altyd ‘n respons op God. Geloof is nie een of ander soort gevoel of houding wat die mens op ‘n dag besluit om te hê omdat God dit vereis nie. Trouens, ware geloof het sy oorsprong in ‘n hart wat aangeraak is deur ‘n sin van dankbaarheid en liefde vir God se goedheid. Daarom, wanneer die Bybel van geloof praat, volg daardie geloof altyd die inisiatiewe wat God geneem het. In die geval van Abraham, byvoorbeeld, is geloof die respons op die wonderbaarlike beloftes wat God aan hom maak (*Gen. 15:5, 6*), terwyl Paulus in die Nuwe Testament sê dat geloof uiteindelik gewortel is in ons verwesentliking van wat Christus vir ons aan die kruis gedoen het.

Indien geloof ‘n respons op God is, wat behoort daardie respons in te sluit? Dink oor wat die volgende teksverse oor die aard van geloof sê. *Joh. 8:32, 36; Hand. 10:43; Rom. 1:5, 8; 6:17; Heb. 11:6; Jakobus 2:19.*

Talle mense beskryf geloof as “glo”. Hierdie definisie is problematies, want die Griekse woord vir “geloof” is bloot die selfstandige naamwoord van die werkwoord “om te glo”. Om een vorm te gebruik om die ander te definieer is om iets te sê soos: “Geloof is om geloof te hê” (Of: “Geloof is om te glo”). Dis eintlik niksseggend.

‘n Noukeurige ondersoek van die Skrif openbaar dat geloof nie slegs kennis van God behels nie, maar ‘n psigiese aanvaarding of instemming van daardie kennis is. Dit is een rede waarom dit so belangrik is om ‘n akkurate beeld (prentjie) van God te hê. Verwronge idees oor die karakter van God kan dit eerder moeiliker maak om geloof te hê. Maar ‘n intellektuele instemming tot die evangelie is nie voldoende nie, want op dieselfde wyse “glo selfs die duiwels”. Ware geloof beïnvloed ook die wyse waarop ‘n persoon leef. In Romeine 1:5 skryf Paulus oor die “geloofsgehoorsaamheid”. Paulus sê nie dat gehoorsaamheid dieselfde as geloof is nie. Hy bedoel dat ware geloof die persoon se hele lewe beïnvloed, nie slegs die denke nie. Dit bepaal ook toewyding aan ons Here en Verlosser Jesus Christus, in teenstelling met bloot ‘n lys van reëls. Geloof is net so veel wat ons doen en hoe ons leef en op wie ons vertrou, as wat dit is wat em wie ons glo.

Bevorder geloof sonde?

Een van die hoofaanklagte teen Paulus was dat sy evangelie van regverdigmaking deur geloof ook mense aangemoedig het om meer te sondig (*lees Rom. 3:8, 6:1*). Daar is geen twyfel nie dat die aanklaers van mening was dat indien jy nie nodig het om die wet te onderhou om deur God aanvaar te word nie, waarom sou hulle besorgd wees oor die wyse waarop hulle geleef het? Luther is deur soortgelyke aanklagte in die gesig gestaar.

Hoe reageer Paulus op die beskuldiging dat ‘n leerstelling van regverdigmaking deur geloof alleen, sondige gedrag aanmoedig? Gal. 2:17, 18.

Paulus reageer op sy teenstanders se beskuldigings op die sterkste wyse moontlik: ““Beslis nie!” (AFR83), (“God forbid,” sê die King James Version). Terwyl dit moontlik is dat ‘n persoon in sonde mag terugval nadat hy tot Christus gekom het, sou die verantwoordelikheid beslis nie voor Christus se deur gelê kan word nie. As ons die wet verbreek, is onself die wetsverbrekers.

Hoe beskryf Paulus hierdie eenwording met Jesus Christus? Op watter wyse word die besware wat deur sy opponente geopper is, deur die antwoord weerlê? Gal. 2:19–21.

Paulus vind die redenasies van sy opponente net eenvoudig belaglik. Om Christus deur geloof te aanvaar, is nie iets onbeduidend nie; dit is nie ‘n speletjie van ‘n kamma-kastige hemel, waar God iemand as regverdig reken, terwyl daar geen werklike verandering in die persoon se lewenswyse is nie. In teenstelling, om Christus te aanvaar deur die geloof is uiters radikaal. Dit betrek ‘n algehele eenwording met Christus – ‘n eenheid in beide Sy dood en opstanding. Geestelik gesproke sê Paulus dat ons met Christus gekruisig is, en ons ou sondige weë wat in selfsugtigheid gewortel is, is verby (*Rom. 6:5–14*). Ons het ‘n radikale breuk met die verlede gemaak. Alles is nuut (*2 Kor. 5:17*). Ons is ook tot ‘n nuwe lewe in Christus opgewek. Die verrese Christus leef in ons, en maak ons daaglik meer en meer soos Hyself. Geloof in Christus is daarom nie ‘n voorwendsel of verskoning vir sonde nie, maar ‘n oproep tot ‘n baie dieper en ryker verhouding met Christus, as wat ooit in ‘n wetsgebaseerde godsdiens gevind kan word.

Hoe bring jy die konsep van verlossing deur geloof alleen in verband met die werke van die wet? Maak dit jou dalk ietwat bang, dat jy moontlik kan dink dis ‘n verskoning vir sonde – of verheug jy jou daarin? Wat sê jou antwoord oor jou begrip van verlossing?

Verdere leeswerk:

“Die gevaar is oor en oor aan my uitgewys dat mense vals idees oor regverdigmaking deur geloof kan hê. Ek is vir jare daarop gewys dat Satan op ‘n besondere wyse te werk sou gaan om die gedagtes oor hierdie punt te verwar. Daar is baie oor die wet van God gepraat en aan gemeentes voorgehou, bykans ontbloot van die kennis van Jesus Christus en Sy verhouding tot die wet, soos wat die offer van Kain was. Ek is daarop gewys dat talle van die geloof weerhou is weens die gemengde, verwarrende idees van verlossing, want die predikante het op die verkeerde wyse te werk gegaan om harte te bereik. Die punt wat al jare lank op my hart gedruk is, is die toegerekende geregtigheid van Christus . . . “Daar is geen ander punt waaroor daar ernstiger gedink moet word, of meer dikwels herhaal moet word, of strenger gevestig moet word in die gedagtes van almal, nie as die onmoontlikheid van die gevalle mens wat enigsins iets baat (of meriete ontvang) deur sy eie goeie werke nie. Verlossing is deur geloof in Jesus Christus alleen.”—Ellen G. White, *Faith and Works*, pp. 18, 19 (vry vertaal).

“Die wet verg geregtigheid, Die wet vereis geregtigheid, en hiervoor is die sondaar dit aan die wet verskuldig; maar hy is nie in staat om dit te lewer nie. Die enigste wyse waarop hy geregtigheid kan verkry, is deur geloof. Deur geloof bring hy die verdienste van Christus na God, en die Here plaas die gehoorsaamheid van Sy Seun op die sondaar se verantwoording (of rekenskap). Christus se geregtigheid word aanvaar in die plek van die mens se mislukking, en God ontvang, vergewe, en regverdig die bekeerling, die siel wat glo, en behandel hom asof hy regverdig is, en het hom lief soos wat Hy Sy eie Seun liefhet.”—Ellen G. White, *Selected Messages*, boek 1, p. 367 (vry vertaal).

Vrae om te bespreek:

1. In die eerste gedeelte hierbo sê Ellen G. White dat geen onderwerp meer beklemtoon moet word as regverdigmaking deur geloof nie. Bespreek in die klas of haar uitsprake vandag nog net so relevant vir ons is as die dag toe sy dit meer as honderd jaar terug geskryf het. Is dit, en waarom?
2. Dink oor die Protestantse Hervorming en Luther. Al is die tye en plek en omstandighede heel verskillend, waarom was die waarheid wat Paulus hier aangebied het so ‘n belangrike faktor om miljoene te bevry van geestelike gebondenheid van Rome?

Samevatting:

Petrus se gedrag in Antiogië het geïmpliseer dat voormalige heidene nie ware Christene kon wees tensy hulle eers besny is nie. Paulus het die dwaling in hierdie redenasie uitgewys. God kan nie enigiemand regverdig verklaar op grond van sy gedrag nie, want selfs die beste mens is nie volmaak nie. Dit is slegs deur dit te aanvaar wat God vir ons gedoen het, dat sondaars voor Sy aangesig regverdig kan wees.

